



NGB Artikel 17

DIE VERLOSSER DEUR GOD BELOOF

Ons glo dat ons goeie God in sy uitnemende wysheid en goedheid die mens weer opgesoek het toe Hy gesien het dat die mens homself in die liggaamlike en geestelike dood gewerp en geheel en al ellendig gemaak en al bewende van Hom weggevlug het. God het die mens toe getroos met die belofte om aan hom sy Seun te gee en hom salig te maak - sy Seun, wat uit 'n vrou (Gal. 4:4) gebore sou word om die kop van die slang te vermorsel (Gen. 3:15).

Artikel 17 van die NGB is deel van die oorsakel artikels tussen die belydenis oor die skepping en die Skepper, na die belydenis oor die nuwe situasie. Na die leer oor die erfsonde en die leer oor die uitverkiesing, is dit logies dat die manier waarop die uitverkiesing werklikheid gaan word, aan die orde moet kom. Soos reeds gestel, is dit duidelik dat God nie na die sondeval verander het nie. God is getrou aan Homself. Die sondeval het aanleiding daartoe dat God Sy genade en geregtigheid openbaar.

Dit maak die dag van die sondeval die skarnierpunt ten opsigte van die nuwe bedeling wat God instel. Met die sondeval is die paradys nie meer die mens se tuiste nie. Die mens is op koers na die dood. God se optrede by hierdie geleentheid is sentraal tot die nuwe bedeling. Daardie eerste gesprek tussen God en mens na afloop van die sondeval is sleutel tot alles wat sou volg. By

hierdie gesprek maak God die Moederbelofte: Genesis 3:15 "En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt." Wat beteken die Moederbelofte? Wat is die gevolge van hierdie belofte?

JJ Van Oosterzee noem die Moederbelofte die "Paradys-Evangelie". Reeds in die paradys, direk na die sondeval, openbaar God die Evangelie, skenk Hy genade. Steeds in die eerste paradys, word die belofte van die tweede (laaste) paradys gemaak. Die sprong oor die onpeilbare kloof van verlore wees, word deur God bewerkstellig. Die mens word vir geen oomblik verlaat, verwerp nie. God maak onmiddellik 'n nuwe werklikheid moontlik. Hierdie tweede paradys sal oor 'n lang tydperk gevestig raak, maar is net so 'n realiteit soos die eerste paradys.

Die sondeval wys God se genade duidelik uit. Die mens het oortree. Geen lange afkoeltyd-perk of "tyd uit" om net eers te kalmeer nie. God se regverdige oordeel word onderstreep deur Sy onmiddellike aankondiging van genade. Met die uitspraak van die "Paradys-Evangelie" word die nag wat oor Eden gedaal het verhelder; die stryd van die eeue word aangedui; die heerlikheid van die Here word verkondig; die bestemming van die mensdom word aangedui; en die segepraal van die toekoms word verseker.

Die nag wat oor Eden gedaal het verhelder:

Die oggend nog was die mens die kroon van die skepping, teen die aand het die kroon van sy geboë hoof geval. Die oggend nog was die mens se oë op die hemele gerig, teen die aand was die mens rooi van skaamte besig om af te kyk en weg te kruip. Die dag van die sondeval het begin soos enige ander dag. Toe kom die verlyer en nooi die mens om 'n ander pad te betree. 'n Pad wat in die verlyer se gedagte vir hom 'n oorwinning oor God sou aandui. Die mens het na die eenmalige leuen geluister eerder as na God se konstante stem van waarheid. Die mens het gesondig, dit besef en toe van God weggekruip. Op die mooiste van die dag, teen die aandskemerte kom kuier God vir die mens. Die mooiste van die dag word nag met die waarheid wat die mens ontmasker as naak van buite en binne. Die aand het nag geword. 'n Donker nag met geen hoop en geen uitsig nie. Die mens is in die duister van sonde en dood, vasgevang in die kloue van gevolge wat die mens gehoop het om te ontwyk. Met die aankondiging van die Moederbelofte verhelder God weer die duisternis van die nag met onuitdoofbare lig. Soos die oggendster en die Aandster die lig vir die mens gee, so sal die Alfa en die Omega die waarborg wees dat die mens weer paradys sal belewe.

Die stryd van die eeue word aangedui:

Die Satan het gedink hy het die oorwinning. Die mens het 'n onoorbrugbare kloof tussen homself en God veroorsaak deur te sondig. Nou het hy 'n bondgenoot in sy stryd teen God. Die Moederbelofte verydel daardie bese hoop. God verklaar oorlog, nie net

tussen Satan en die eerste mense nie, maar oorlog tussen almal van Satan en almal wat God se heerlikheid sal betree. Daar sal vyandskap wees tot en met die finale oorwinning. Die Satan se nageslag sal aanhoudend aanval. Ons hoef nie bang te wees vir sy aanslae nie. Hy sal die hakskeen kan byt. Sy wonde word ver van die hart toegedien, sy aanslae sal ten spyte van die felheid daarvan nie noodlottig wees nie. Die mens sal nie deur die Satan se toedoen die Dood ingaan nie. Aan die ander kant sal dit so wees dat die vrou se nageslag (saad) die Satan se kop sal vermorsel. Dit sal vir lank lyk asof die bese oorwin, maar die einde van die stryd sal wees wanneer die vrou se nageslag die Satan nie net oorwin nie, maar vermorsel, vernietig. Hierdie stryd woed dan ook deur die eeue en begin sommer met die eerste nuwe geslag. So word Kain die saad van die Satan en Abel die saad van die vrou. Hierdie nageslag moet met ander woorde nie geneties verstaan word nie. Dit gaan oor die mens wat aan God behoort teenoor die mens wat Satan se geestelike nageslag is. Die stryd van die eeue het inderdaad begin met die eerste geslag en woed steeds voort, al is dit net omdat die finale vermorseling van Satan se kop nog nie plaasgevind het nie.

Die Moederbelofte maak dat ons die Christelike geloof nie anders kan sien as 'n historiese godsdiens nie. Daarby word bedoel dat die bemoeienis van God met die mens plaasvind midde in die historiese verloop van tyd. Aanduibare gebeurtenisse is daarom God se geskiedenis met die mens. Die heilsgeskiedenis is verweef met die hele mensdom se geskiedenis. Die stryd tussen die slang se saad en die vrou se

saad vind nie eenkant plaas nie maar midde in die loop van die geskiedenis. Ons geloof is in die geskiedenis gegrond. Daar is duidelik aanduibare gebeurtenisse wat padwysers is van hierdie stryd. Christene is noodwendig gegrondves in 'n reeks verbonde en logies verbind aan 'n reeks historiese gebeurtenisse wat bruikbaar was vir God om sy volk te verlos van sonde en skuld.

Die heerlijkheid van die Here word verkondig: Die drama van die eeue laat dit lyk asof die oorwinning en die heerlijkheid aan die Satan behoort. Hy kon die mens oortuig om te kies teen God. God besluit om in genade te vergewe. In daardie oomblik van nederlaag kondig God reeds die finale oorwinning aan. Die heerlijkheid van God styg uit bo alle menslike verliese, wandade en mistastings. God se heerlijkheid word verkondig, want Hy maak bekend dat nie eens die dood Hom sal oorwin of sal kan maak dat die mens totaal verlore is nie.

Die bestemming van die mensdom word aangedui: In die donker nag van die sondeval lyk dit asof die mens alle hoop verloor het. By daardie geleentheid word die uiteindelijke oorwinning reeds aangekondig. Meer nog, die mens se uiteindelijke bestemming word aangedui. In die tussentyd is die mens in die hier en nou, vasgevang tussen val en wederkoms, besig om 'n eie rol te speel in die drama van die Paradys-Evangelie. Die mens hunker na daardie eindtyd, maar moet leef in hierdie tyd, kan ook nie anders as om hier te lewe nie. Die stryd vind hier plaas. Soos die stryd moeg raak, kyk hulle op, sien die hemel in die

ver einder en veg dan dapper voort, veral omdat die uiteindelijke oorwinning eeue gelede reeds aangekondig is.

Die segepraal van die toekoms word verseker. Met die maak van die Moederbelofte, verbind God die verloop van die aardse geskiedenis tot 'n heerlike oorwinning vir die hemele. Die Satan se oënskynlike oorwinning is van korte duur, hy mag dalk eeue lank spartel, maar die heerlijkheid behoort aan God. By Golgota sal die bose weer skynbaar die botoon voer. Drie dae later sal dit blyk dit was die laaste byt aan die hakskeen, sy kop is vermorsel. Met hierdie poëtiese inleiding en agtergrond tot die Moederbelofte, kom ons gaan kyk nou na NGB artikel 17. Die teks is in **vetdruk** en die kommentaar in gewone druk.

DIE VERLOSSER DEUR GOD BELOOF

Soos reeds aangedui, artikels 15 en 16 van die NGB het 'n donker prentjie geskilder. Reeds in artikel 16 vind ons die eerste ligstrale van hoop met die Uitverkiesingsleer wat ons aandag op God fokus. Nou vind ons in Artikel 17 die bron van hierdie ligstrale. Die God wat die verlossing beloof het, beloof ook die Verlosser. God self onderneem om die mens te verlos. Hy maak nie 'n belofte wat deur iemand anders tot uitvoer gebring moet word nie. Die verlossing gaan nie iewers in iemand se gedagtes bewerkstellig word nie. God gaan self die Verlosser in die mens se hopelose situasie instuur en die mens verlos uit die koue van angs, sonde en dood.

Ons glo dat ons goeie God in sy uitnemende wysheid en goedheid ...

God word nie deur menslike optredes beweeg nie. Aan die een kant is dit nie die mens wat deur prestasies of uitnemende gehalte van menswees God oortuig om die Verlosser te stuur nie. Aan die ander kant word God nie gyselaar gehou deur menslike sonde en opstandigheid nie. God stuur op grond van Sy wysheid en goedheid die Verlosser. God se eie wysheid, die feit dat Hy meer goed is as al ons edel gedagtes saam, maak dat Hy in ontferming optree.

die mens weer opgesoek het toe Hy gesien het dat die mens homself in die liggaamlike en geestelike dood gewerp en geheel en al ellendig gemaak en al bewende van Hom weggevlug het.

God soek die mens op. Die mens in sy ellende vlug van God, kruip vir God weg. Toe God in die Paradys na Adam geroep het, het hy gedoen wat Hy aanhoudend doen. God roep steeds na die mens in sy nood "waar is jy?" Steeds vlug ons weg van God, bly ons in ons bestaanskrisis wat gaan uitloop op die dood. Die mens se huidige situasie is sy eie skuld. Dit is 'n benarde uitsiglose situasie, 'n situasie waar die mens al bewend vlug. God soek nie hierdie vlugtende, bevreesde mens op om die mens te verdelg nie, maar omdat God in goedheid Hom oor die mens wil ontferm.

God het die mens toe getroos met die belofte om aan hom sy Seun te gee en hom salig te maak – sy Seun, wat uit 'n vrou (Gal. 4:4) gebore sou word om die kop van die slang te vermorsel (Gen. 3:15).

God se belofte impliseer God se blywende betrokkenheid by die mens. Die mens sal weer en weer faal, God sal getrou bly. Om hierdie belofte gestand te doen, sal God eers die geskiedenis moet stuur om alle omstandighede ideaal te maak vir die koms van die Seun. God se uitverkiesing gaan deur die Seun plaasvind, met ander woorde God gaan in die loop van die geskiedenis die verbond van uitverkiesing laat afspeel. Hierdie uitverkiesing sal eers duidelik word met die koms van die Verlosser wat by die sondeval reeds belowe is. God is nie haastig om hierdie hele kosmiese drama te laat afspeel nie, God is geduldig en gun altyd weer 'n volgende geleentheid. II Petrus 3:8-9 *"Een ding moet julle egter nie vergeet nie, geliefdes: vir die Here is een dag soos duisend jaar en duisend jaar soos een dag. Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer"*. Deur die geskiedenis heen, sal God deur middel van ooreenkomste en insidente die geskiedenis oopbreek vir die koms van die Verlosser.